
DIE NEO-CALVINISTIESE LEER VAN DIE WEDERGEBOORTE.

Die woord „palingenesia” of wedergeboorte kom net twee keer in die Skrif voor. In Mt. 19 : 28 word gespreek van „die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit.” Hier word van die palingenesie in eskatologiese sin gespreek as die herstel van alle dinge. En volgens Titus 3 : 5 is ons na sy barmhartigheid gered deur die bad van wedergeboorte en die vernuwing van die Heilige Gees.

Maar al kom die woord „palingenesia” slegs ’n paar keer voor in die Bybel, tog kom die saak wat dit voorstel dikwels voor. In die O.T. vind ons tekse soos Deutr. 30 : 6 „Die Here jou God sal jou hart besny”; Eseg. 36 : 26 „Ek sal julle ’n nuwe hart gee en

²⁸⁾ VOLZ, bl. 172.

²⁹⁾ VOLZ, bl. 160.

³⁰⁾ CRAMER, bl. 133, 187, 189.

³¹⁾ t.a.p., bl. 161.

'n nuwe gees in jul binneste; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee," d.w.s. dat die hart van klip, wat ongevoelig is vir die ewige dinge weggeneem, vervang sal word deur 'n hart van vlees, wat ontvanklik is vir die heilige.

In die N.T. wys ons op die locus classicus (klassieke teks) in hierdie verband Joh. 3:5 v.v., die gesprek van Jesus met Nikodemus: „as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”

Hierdie wedergeboorte, van bo gebore word, geskied uit water en Gees (vers 5), uit die Gees (vers 8.) Dit is onbegryplik in oorsprong en werking en is soos die wind (vers 8) waarvan die begin nie bepaal kan word nie.

Paulus bring die wedergeboorte graag in verband met die opstanding van Jesus, omdat ons die nuwe lewe uit die opgewekte Heer ontvang sodra die band van die geloof ons met Hom verenig. Hy praat van 'n geestelike mens Rom. 8 : 1—17, 1 Kor. 15; van 'n nuwe skepsel 2 Kor. 5 : 17.

Petrus leer dat die gelowige „wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God,” en Johannes sê in sy eerste brief 3 : 9: „Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly.” Met „saad” word hier bedoel die Woord van God.

In Bybelse sin is die wedergeboorte 'n vernuwing, 'n herskepping van die mens. Die natuurlike, oue mens van sonde word herskep tot 'n nuwe, geestelike mens, wat wandel na die Gees en geestelike dinge bedink. (Rom. 8 : 4, 5.) Die wedergeboorte is dus geen totaal nuwe skepping nie. Inteendeel, die Gees van God open die hart wat gesluit is, vermurf wat hard is, besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat weerspanning was, gehoorsaam word.¹⁾ In kort dit is 'n opstanding uit die dode en 'n inplanting in Christus. Die oue mens van sonde word nie „vroom” gemaak nie, maar sterf om 'n nuwe skepsel te word.

Hy ontvang geen nuwe substansie nie. Hy is dieselfde mens as vroeër, maar geheilig, geregverdig. Sy hele menslike natuur met sy vermoëns en talente bly gehandhaaf, maar geharmoniseer en vernuut. Hy is dieselfde mens en tog is hy anders, netsoos met die wêreldeinde die bestaande hemel en aarde nie vernietig nie, maar herskep, vernuut sal word.

Die wedergeboorte word gewek deur die Gees van God, maar in die reël bedien die Gees Homself daartoe van die Woord van God.

¹⁾ Dordtse Leerreëls III: 11.

Woord en Gees werk saam. Die Bybel bring die wedergeboorte dan ook in nou verband met die Woord van God. Die apostel Petrus leer nie alleen in 1 Petrus 1 : 23 dat die lewende en ewigblywende Woord die middel is waardeur die wedergebore lewe gewek word nie, maar ook dat dit die middel is waarmee hierdie nuwe lewe gevoed word, soos blyk uit 1 Petrus 2 : 2 „verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan groei.”

Dat die wedergeboorte nie altyd middelloos tot stand kom nie, maar deur die Gees gewek word deur middel van die bediening van die Evangelie en die prediking van die Woord van God, word ook geleer deur die Nederlandse Geloofsbelijdenis (N.G.B.) en die Dordtse Leerreëls. Die N.G.B. leer in Art 24 :

„Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewek *deur die gehoor van die Woord van God* en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak”

In die Dordtse Leerreëls III: 12 lees ons van „die wedergeboorte wat God sonder ons in ons werk. En dit word in ons nie teweeggebring *deur middel van die uiterlike prediking alleen . . . nie.*” En in art. 17 staan: „Die almagtige werking van God waardeur Hy ons natuurlike lewe voortbring en onderhou, sluit nie uit nie, maar vereis die gebruik van middele Net so sluit ook die voormelde bownatuurlike werking van God, waardeur Hy ons wederbaar, volstrek nie uit en dit stoot volstrek nie omver die gebruik van die Evangelie wat die wyse God as 'n saad van die wedergeboorte . . . verordineer het.”

Maar wanneer vind die wedergeboorte plaas? Die Bybel antwoord hierop nie met soveel woorde nie. Die Reformatore het uit sprake soos Joh. 3, 1 Petrus 1 : 3, 23—2 : 2 afgelei, dat die Skrif wedergeboorte en geloof logies van mekaar onderskei, maar ons nie leer om ons daarin te verdiep hoeveel tyd tussen die twee verloop nie. Haitjema²⁾ wys daarop dat Bavinck in sy „Roeping en Wedergeboorte” sê, „dat in de eeuw der Reformatie in ooreenstemming met het ruime en beeldrijke spraakgebruik der H. Schrift het woord „wedergeboorte” meest gebruik wordt voor de geheele levensvernieuwing van den mensch *in en door het geloof*: de afsterving van den ouden en de opstanding van den nieuwen mensch. Het woord „wedergeboorte” valt dan vrijwel samen met het begrip heiligmaking. Ursinus sprak reeds met voorliefde van deze twee stukken van den weg des


²⁾ Prof. Dr. Th. L. Haitjema: „Om Zions wil Zwijgen wij niet!” pagina 12 en 13. Verskyn by H. Veenman & Zonen, Wageningen 1934.

heils: de rechtvaardigmaking en de wedergeboorte. Deze zelfde visie bracht er Calvin dan ook toe om in zijn subjectieve soteriologie geloof te behandelen vóór wedergeboorte en wedergeboorte te beskrywen als openbaring van het leven des geloofs."

Die Belydenis huldig ook hierdie standpunt van Bavinck, vgl. die Dordtse Leerreëls, derde en vierde hoofstuk, paragraaf 12:

„En dit is die wedergeboorte, die vernuwing, nuwe skeping, opwekking uit die dode en lewendmaking . . . wat God . . . in ons werk . . . sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadiglik wedergebore word en daadwerklik glo. En dan word die wil wat nou vernuut is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens glo en hom beheer deur die genade."

Sien in hierdie verband ook paragraaf 16 en 17 van die derde en vierde hoofstuk. In die Dordtse Leerreëls is die verband tussen wedergeboorte en geloof so nou, dat dit soms saam val.³⁾ Vergelyk die oorgang van paragraaf 13 na 14. Let op hoe die genadewerk in hoofstuk V paragraaf 3 van die verwerping van die dwaling onderskei word in regverdigmaking, wedergeboorte en voortdurende bewaring van Christus. In hierdie verband wys ons op die Ned. Gel. Bel. art. 24.



By Dr. Kuyper, die vader van die Neo-Calvinisme, vind ons egter, om sy woorde te gebruik, „een enigszinds gewijzigde voorstelling van de gang van zaken." ⁴⁾ Of liever, hy erken self dat in die Woord van God en op grond daarvan in die Formuliere van Enigheid daar 'n enigszins andere voorstelling van die wedergeboorte is, as wat hy gee. Dat dit egter nie net 'n enigszins gewysigde maar 'n heeltemal ander voorstelling is, sal uit die vervolg blyk.

Dr. Kuyper leer dat „meestentyds" in die hart van 'n pas gebor-kind die kiem van die wedergeboorte deur die Gees van God gelê word, of reeds voor die geboorte. So 'n kind is daar natuurlik onbewus van en kan daar vir jare onbewus van bly. Die kiem van die wedergeboorte lê dan en sluimer in sy hart soos 'n saadjie in 'n klip-skeur. Eers jare later kan dit ontkiem. Verder leer hy dat van die *veronderstelling* uitgegaan moet word dat elke gedoopte kind reeds wedergebore is. Die prediking word dus alleen gerig tot wedergeborenes is en dit is alleen om hulle bewus te maak van hulle wedergeboorte. Die sondaar wat dood is deur die sonde kan nie glo en hom

³⁾ Om Zions wil zwijgen wij niet. bls. 18.

⁴⁾ Dr. A. Kuyper: „Het Werk van den Heiligen Geest," II bls. 155.

bekeer nie. Hy moet eers lewe. Hierdie lewe ontstaan by die wedergeboorte. Die sondaar het dan iets wat hy tevore nie gehad het nie.⁵⁾ Hierdie lewenskiem kom later tot ontwikkeling, sodat die wedergebore mens met die hulp van God hom kan bekeer en glo.

Hierdie wedergeborte leer rus egter nie op die Skrif nie en is nie ooreenkomstig die belydenis nie. Dit sluit soos 'n bus, het iemand gesê.⁶⁾ *Natuurkundig* is dit pragtig ontwikkel, maar die Bybel stel die wedergeborte as iets geesteliks voor. Die Bybel laat ons die wedergeborte nie sien as 'n nuwe lewenskiem nie, maar leer dat dit die *opwekking is tot 'n nuwe lewe*.

In die uiteensetting van sy palingenesie-leer, lei Kuyper sy lesers na die gedenktekens van die Egiptiese konings en na die natuur:

„In de oude gedenkteeken van die Egyptische koningen heeft men o.a. ook tarwegraan gevonden, dat allicht tusschen de drie- en vierduizend jaren in deze steenen graven gelegen had. Al dien tyd bezat de graankorrel van dit graan de kracht en het vermogen in zich, om tot een halm op te schieten en vrucht te dragen, maar het deed dit drie- à vierduizend jaren lang niet. En nu eerst, nu eindelijk deze graven geopend werden en het graan, dat er in lag, aan de aarde werd toevertrouwd, is dit vermogen naar buiten getreden en is er graan uit gegroeid. Zoo kan nu ook het geloofsvermogen, de geloofskiem, jarenlang in de diepte van ons steenen hart werkeloos verborgen liggen, zonder dat of gijzelf, of een ander er iets van merkt.”⁷⁾

Verder vergelyk hy die wedergeborte by 'n stuk „vruchthout” wat geënt is op „wild hout.”⁸⁾ Natuurkundig bevredig hierdie beelde van 'n saadjie en 'n geënte „vruchthout” wel, maar in hierdie verband gebruik die Skrif hulle nie, maar die Skrif gebruik die beeld van pasgebore kindertjies wat sterk verlang na die onvervalste melk van die Woord om daardeur op te groei. (1 Petr. 2 : 2).

So staan daar in 1 Petr. 1 : 23 „want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.” En dit is te verstaan waarom Dr. Kuyper juis die beeld van die saadjie gebruik om sy leer van die sluimerende wedergeborte te illustreer en logies verstaanbaar te maak.⁹⁾ Met onverganklike saad word in 1 Petrus 1 : 23 egter nie die wedergeborte bedoel nie, soos uit die verband duidelik blyk en ook

⁵⁾ Het Werk van den Heiligen Geest II : 128.

⁶⁾ Ds. C. A. Lingbeek in Hervormd Weekblad De Gereformeerde Kerk, 48ste Jaargang (Oct. '35 — Oct. '36) pagina 164.

⁷⁾ E Voto Dordraceno Deel III pagina 18.

⁸⁾ Dieselfde, pagina 413.

⁹⁾ Dr. A. Kuyper en de Sluimerende Wedergeborte door Docent J. J. van der Schuit. D. J. Brummen—Dordrecht 1926 bl. 35.


uit vers 25, maar die H.Gees of die Woord waardeur die wedergeboorte bewerk word. Ook in 1 Joh. 3 : 9 word met saad nie die wedergeboorte bedoel nie, maar die Gees of die Woord van God waardeur die geestelike lewe gewek word.¹⁰⁾ Ook Calvyn verklaar dit so nl. „dat allen, die uit God geboren zijn, rechtvaardig en godzalig leven, dewijl Gods Geest de begeerlijkheden der zonde bedwingt en dit verstaat de apostel door het zaad Gods.”

Hierdie sienswyse word ook gedeel deur die Leerreëls van Dordt V : 7: „Want, ten eerste bewaar Hy nog in hulle by so 'n val *sy onverderflike saad waaruit hulle wedergebore is.*”

Met hierdie onverderflike saad word heeltemal iets anders bedoel as wat Kuyper bedoel. Skrif en Belydenis bedoel daar soms die Woord mee en dan weer die H. Gees en toon daarmee die noue verband tussen Woord en Gees.

Kuyper gryp¹⁰⁾ in sy wedergeboorteleer terug na die Leerreëls van Dordrecht, maar nie met reg nie want die Leerreëls is opgestel in die gees van Calvyn en van 'n verborge kiem, wat gelê word in die hart van die goddelose mens met watter kiem hy tot sy ouderdom kan rond loop, wil Calvyn niks weet nie. Hy skryf:¹¹⁾ „Zij nu die uitverkoren zijn, worden niet terstond van den moederschoot af, noch ook allen op dezelfde tijd door de roeping tot de schaapsstal van Christus verzameld, maar zooals het God belijft hun Zijne genade mede te deelen. Voordat zij tot dien Opperherder verzameld worden, dwalen zij verstrooid in de gemeene woestijn rond en verschillen ook niets van de andere mensen, dan alleen daarin, dat zij door de bijzondere barmhartigheid Gods bewaard worden, dat zij niet storten in het uiterste des doods. Indien gij dan uw oog op hen slaat, zoo zult gij het geslacht ontwaren van Adam, dat de reuk heeft van de gemeene verdorvenheid der geheele natuur . . . *Want die droomen van ik weet niet welk zaad der verkiezing, dat in hunne harten van hunne geboorte af zou ingeplant zijn, worden hierin niet ondersteund door het gezag der Schrift, maar zelfs door de ervaring wedersproken.*”

Om die minste daarvan te sê: hierdie veronderstelde lewenskiem is nie reformatories nie, maar dis die genadebegrip van die Sko-lastiek.



Hierdie kiem of saad van die wedergeboorte kan volgens Kuyper jarelank sluimer in die hart van die wedergeborene sonder dat hy of iemand anders iets daarvan merk. „Gods weg met den mensch is dus veeleer alzoó dat hij in het ontvangen en geboren kindeke wel de kiem, het zaad of den wortel van al deze gaven en vermogens in-

¹⁰⁾ Om Zions wil Zwijgen wij niet, bl. 14 en 15.

¹¹⁾ Institutie III, 20, 10.

legt, maar dat hij deze gaven en vermoogens nog lange jaren schuil laat blijven, om eerst later bij het opgroeien te laten uitkomen, wat Hij in het verborgene in moeders schoot in zulk een kindeke wrocht. En zoo nu ook gaat het bij de wedergeboorte toe.”¹²⁾ ’n Wedergeborene loop selfs van 20 tot 30 jaar, ja selfs tot sy ouderdom as ’n goddelose rond,¹³⁾ so leer Kuyper. Die saad van die wedergeboorte kan dus lang *sluimer* in die hart van die wedergebore mens voordat dit in geloof en bekering tot openbaring kom.

Hierdie „sluimerende“¹⁴⁾ wedergeboorte” gaan volgens Kuyper van die veronderstelling uit dat die gedoopte reeds wedergebore is, al is hyself daar onbewus van. Hierdie veronderstelling is volgens hom so vas, dat die gedoopte daarop sy kindschap van God en sy ewige saligheid kan bou.

„Gij zijt gedoopt in de *veronderstelling*, dat ge wedergeboren zijt. Ge hebt dus . . . u voor uzelve te beschouwen *als een kind*, waarin de wonderdaad Gods *geschied is* . . . om aldus tot uzelve te spreken: „Indien het waar is, wat mijn doop onderstelt, dat ik reeds als klein kindeke door Gods genade wierd wedergeboren, dan *is in mij dat leven aanwezig*.”¹⁵⁾

Die veronderstelling waarvan Kuyper uitgaan is dat die uitverkorenes „niet eerst op lateren leeftijd” tot die genadeverbond kom nie, maar dat hulle „van het eerste oogenblik van hun aanzijn af” daarin staan en dat die eerste kiem van die nuwe lewe „meestentjids. . . reeds in de moederschoot of terstond na hun geboorte wordt ingeplant.”¹⁶⁾

Elders¹⁷⁾ leer hy dat „deze daad der wedergeboorte bij Gods uitverkorenen in den gewonen regel, reeds plaats grijpt in hun prilste jeugd. Niet alsof dit „zaad” daarom dadelik opschoot. Soms blijft het veeleer tot vergevorderden leeftijd in den akker verscholen.”

In hierdie twee verwysings gebruik Kuyper nog die woorde: „meestentjids”, „in den gewonen regel” en „veeleer,” maar meer positief spreek hy hom uit in hierdie woorde: „En geeft ge nu toe, gelijk gij wel moet, dat God de Heere deze wondere daad der wedergeboorte bij die uitverkorenen, die jong sterven, stellig nog in de wieg volbrengt, of ook reeds in moeders lijf, dan is *er geen enkele reden denkbaar*, waarom ge deze daad der wedergeboorte bij die andere uitverkorenen, dié nog jarenlang op aarde leven blijven, *later* zoudt stellen.”¹⁸⁾

¹²⁾ E Voto Dordraceno III : 423.

¹³⁾ Dieselfde pagina 11.

¹⁴⁾ Die term is van Doc. J. J. van der Schuit: „Dr. A. Kuyper en de Sluimerende Wedergeboorte.”

¹⁵⁾ E Voto Dordraceno III : 76. (Kursivering deur ons)

¹⁶⁾ Het Werk van den Heiligen Geest. II : 134.

¹⁷⁾ Voor een Distel een Mirt, pagina 156.

¹⁸⁾ E Voto Dordraceno III : 421. (Kursivering deur ons)

Hier word dus die moontlikheid, dat die wedergeboorte op latere leeftyd kan plaasvind, uitgesluit.

Hierdie hipotese i.v.m. die veronderstelde wedergeboorte bring dit mee. dat by Kuyper alleen sprake kan wees van onmiddellike wedergeboorte. Waar 1 Petrus 1 : 23 uitdruklik leer dat die H. Gees homself by die wederbaring van die sondaar bedien van die Woord, daar vat Kuyper die onverganklike Woord in daardie verband op as die ewige, skeppende Woord van God. Ons het bo reeds aangetoon dat vers 25 dit weerspreek. So word dit ook opgevat deur Bavinck.¹⁹⁾ Hy skryf dat die sedelike werking van God by die wedergeboorte „geschiedt door het Woord,” dat ons by die kragdadige roeping van die sondaar deur God moet dink „aan al den arbeid Gods welke van zijne zijde door Woord en Geest, uitwendig en inwendig, middellijk en onmiddellijk, radend en krachtdadig verricht wordt, om in den natuurlijken mensch een geestelijken mensch te doen geboren worden, die van den allereersten aanvang af uit Hem, in de gemeenschap met Christus en door den Heiligen Geest het leven ontvangt,” en dat die Gereformeerde teoloë hieroor eenstemmig was, „dat de weldaden van het genadeverbond in den regel door God in verband met de genademiddelen werden uitgedeeld, de wedergeboorte dus ook in verband met het Woord.”

Bavinck²⁰⁾ wys êrens daarop dat die werklikheid maar al te dikwels leer, dat die wedergeboorte nie altyd aan die doop voorafgaan nie, „tenzij men tot de *hypothese* de toevlucht neme, dat het zaad der wedergeboorte jaren lang werkeloos en ledig onder de zondige begeerlikheden verborgen kan blijven.”

Kuyper gaan in sy beskouing oor die wedergeboorte uit van 'n klein kind. En dan betoog hy dat tussen 'n klein kind en 'n volwassene geen verskil gemaak mag word nie.²¹⁾ As dan by 'n klein kind die wedergeboorte onbewus plaasvind, sonder medewete van die kind en die wedergebore kiem soos 'n graankorrel in 'n „steengroeve” kan lê, dan moet ook by die volwassene hierdie wedergeboortesaad aanwesig wees ook al lê dit vir jare werkloos in die hart van daardie mens.

Hierteenoor wys Bavinck²²⁾ daar juis op dat die Bybel bestem is is vir die onderrig van volwassenes en nie veel handel oor die toestand van kinders nie. Die weg van God met kinders mag dus nie sonder meer toegepas word op sy weg met volwassenes nie.

Ook Prof. Lindeboom²³⁾ van Kampen verskil hier van Kuyper. „De Schrift”, so skryf hy, „ en de belijdenis stelt Gods werk voor in

¹⁹⁾ H. Bavinck : Gereformeerde Dogmatiek IV bl. 59, 15, 33.

²⁰⁾ Roeping en Wedergeboorte, pagina 132.

²¹⁾ E Voto Dordraceno III : 18.

²²⁾ Roeping en Wedergeboorte, pagina 157.

²³⁾ L. Lindeboom: „Bewaar het pand u toebetrouwd.” pagina 73, 74.

de volwassenes. Dr. Kuyper gaat uit van Gods werk in die kinders. . . Dr. Kuyper word deur sy standpunt en metode dan ook uiteraard gedrongen, om die uitspraken der Schrift en der belijdenis na sy „gewijzigde” voorstelling te verklar, hetwelk meermalen hetzelfde is als geweld aandoen en pasklaar maken voor het stelsel. Wie aldus die wissel verzet, wie aan sy wetenskaplik denke veroorloof aldus over die Schrift heerskappy te voer, die kan tot alle dwaling vervallen.”

Die leer van Dr. Kuyper oor die veronderstelde wedergeboorte lei daartoe om die doop te beskou nie meer as 'n seël van die verbond nie, maar as 'n seël op die wedergeboorte. Dit is nie meer 'n heenwysing na Christus nie, maar na die wedergeboorte, nie meer 'n versekering en verseëling van die heil wat in Christus is nie, maar van wat die dopeling in sy wedergeboorte besit, in homself reeds het. Hierdie wedergeboorteleer gee aanleiding om die wedergebore Christen te stel in die plek wat Christus alleen toekom.

In die grond van die saak is dit 'n verloëning van Christus as die enigste en volkome Saligmaker. Die gelowige mag immers nie bou op 'n veronderstelde lewenskiem, op 'n ingeskape hebbelikheid van bonatuurlike oorsprong en aard nie, maar alleen op Christus en sy soenverdienste. Hierdie beswaar teen die wedergeboorteleer van Dr. Kuyper het ook Van Ruler aangevoel toe hy die volgende opmerklike woorde²⁴⁾ neergeskryf het: „Wat wij in Kuypers leer van de wedergeboorte . . . missen, dat is de figuur van de middelaar, in wien *alle* genade bemiddeld is.”

Die standpunt van Kuyper t.o.v. die wedergeboorte bring vanself mee 'n verskuiwing in die aksent van die prediking. As die prediker van die veronderstelling moet uitgaan dat al die gedooptes wedergebore is, al merk hulleself daar ook niks van nie, dan is die prediking nie meer anders nie as net bewusmaking. Die hoorders moet verstandelik oortuig word dat hulle reeds wedergebore is. Die vernaamste nl. die wedergebore hart is reeds aanwesig en dus hoef die prediking nie gerig te word op vernuwing van die hart nie. Die prediker het dan eintlik alleen met wedergeborenes te doen in wie die nuwe lewe reeds aanwesig is, watter nuwe lewe „thans in bekering moet uitkomen.”²⁵⁾

Keer op keer lê Kuyper²⁶⁾ daar klem op dat die prediking gerig word tot mense in wie se siel „een daad Gods . . . moet *voorafgaan*,” want „een ‚onwedergeborene’ *kan* zich niet bekeeren. ‚Bekeering’ is een eisch, die alleen aan den ‚wedergeborene’, met uitzicht op vervul-

²⁴⁾ A. A. van Ruler in „Hervormd Weekblad, de Gereformeerde Kerk.” bl. 304.

²⁵⁾ E Voto Dordraceno III bl. 76.

²⁶⁾ Voor een Distel een Mirt, bl. 155, 156, 116. (Kursivering van Kuyper self.)

ling, kan gesteld worden... Nāmen ze (die Geref. Kerke) aan, dat de gedoopten *niet* wedergebore is, zoo zou die eisch geen zin hebben. Immers alleen de wedergeboorte bekwaamt een zondaar om zich tot God te bekēeren."

Wat baat tog die ouerlike vermaning, die prediking van die Woord, die Sondagskool en die katkisasie vir 'n mens wat nog geheel onwedergebore is, so redeneer Kuyper, „Hoe”, vra hy „zoudt ge uw kind tot bekering vermanen kunnen, zoo ge niet onderstelt, dat er een verborgene genade Gods aan uw opvoeding voorafging? Of zoudt ge ooit denken, dat zoo uw kindeke nog dood in de zonde en misdaden was, ge er met uw opvoeding iets aan zoudt kunnen toebrenge? Dat kunt ge immers niet."

Die kiem van die wedergebore moet eers daar wees en die onder- rig is net om daardie kiem te laat groei. Kuyper stel dit so: „En zoo is dus de vaste veronderstelling bij de opvoeding van elk gedoopt kin- deke, dat er verborgen genade in skuult, en dat uw opvoeding slechts strekt om dat verborgen genadezaad in den akker van uw kindeke te besproeien en het onkruid uit te wieden, opdat het dit verborgen genadezaad niet verstikke.”²⁷⁾

Maar 'n prediking wat alleen tot wedergeborenes gerig word, is nie volgens die Skrif nie. Die prediking van die Evangelie het nie te doen alleen met wedergeborenes nie, maar wil die boodskap van genade en vergewing bring tot 'n geslag wat dood is in die misdade en sonde,²⁷⁾ wat midde in die dood lê, nie om aan hulle te sê dat hulle wedergebore is of dat hulle as wedergeborenes beskou word nie, maar om hulle die versekering te bring dat Christus gekom het om die *god- delose* te regverdig²⁸⁾ en dat hulle in Hom alles het. As Jesus met Ni- kodemus in Joh. 3 oor die wedergeboorte handel, dan sê Hy nie aan hom dat Hy van die veronderstelling uitgaan dat hy reeds wederge- bore is nie, maar Hy sê: „julle moet weer gebore word” en die mense wat volgens Jesus in vers 7 weer gebore moet word is nie heidene nie, maar kinders van die Verbond, wat die teken en seël van die Verbond ontvang het. Na Hy dan gewys het op die noodsaaklikheid van die geboorte uit die hemel dan wys Hy vir Nikodemus die *weg* aan om die hoëre lewe deelagtig te word: „Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe."

Dit is die omgekeerde van wat Dr. Kuyper met sy veronderstelde wedergeboorte leer. Volgens hierdie leer is dit: wie maar net eers die lewenskiem in hom het, die kan glo in die Seun. Maar in Joh. 3 is dit: Wie maar eers die Seun het, het die lewe, nl. in en met Hom.

Teen hierdie prediking wat hom nie rig tot sondaars, wat dood

²⁷⁾ Ef. 2 : 1, 5.

²⁸⁾ Rom. 4 : 5.

is deur die misdade nie, maar tot wedergeborenes, kom Bavinck²⁹⁾ op. Hy skryf :

„Want ten eerste is op dit standpunt elks lot voor de eeuwigheid niet eerst bij den Doop, maar reeds bij de geboorte beslist. Wij bedoelen hier natuurlijk niet van de zijde Gods, want dan is alles, ook de zaligheid en het verderf der menschen eeuwig in Zijn raad bepaald, maar wij spreken hier van de zijde der menschen. En dan spreekt het vanzelf, dat de uitverkorenen, die kragtens deze verkiezing reeds in hun eerste levensdagen werden wedergeboren, ook onfeilbaar zeker eenmaal, al is het eerst op hun sterfbed, tot geloof en bekering komen en dat in het andere geval de hope op de zaligheid zoo goed als geheel afgesneden is. In beide gevallen is *een valsche lijdelijkheid het gevolg van een prediking, die meent zich alleen tot wedergeborenen te kunnen en te mogen richten*. En ten andere wordt de verkondiging van het Evangelie daardoor beperkt op een wijze, die met de Schrift en met de Belijdenis in strijd is.”

Dat die wedergeboorteleer van Dr. Kuyper nie maar „een eenigszins gewijzigde voorstelling,” maar 'n totaal ander leer is as wat die Skrif en die Belydenis ons t.o.v. die wedergeboorte leer, hoop ons duidelik aangetoon te hê. Hierdie Neo-Calvinistiese wedergeboorteleer het Kuyper met groot vrymoedigheid gemaak tot die hoeksteen³⁰⁾ van sy teologie. En hierdie „verkeerde theologie van wedergeboorte” noem Haitjema³¹⁾ „de diepste fout achter al deze fouten.” Hy skryf : „De omzetting van de verhouding van geloof en wedergeboorte, en niet minder ook de accent-verschuiving van het majesteitlijke verkiezende handelen Gods naar het effect dier handeling in den vromen, wedergeboren mensch, waren er duidelijke symptomen van.”

Ook in die kringe van Afskeiding en Doleansie het daar hier en daar stemme opgegaan teen hierdie nuwe wedergeboorteleer. Ons het bo reeds gewys op besware van manne soos Bavinck, Lindeboom, Van der Schuit uit hierdie kerklike kringe, maar tog is deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke van Nederland op die vergadering van 1905 te Utrecht hierdie leer van die veronderstelde wedergeboorte nieteenstaande „ernstige protesten” nie opgehef nie, „maar geduld.”³²⁾

JOH. DREYER.

²⁹⁾ Roeping en Wedergeboorte bl. 135. (Ons kursiveer.)

³⁰⁾ Onder Eigen Vaandel, Julie 1936, pagina 265.

³¹⁾ Dieselfde.

³²⁾ Vgl. Rapport uitgegee by D. J. van Brummen, Dordrecht.